2 Februarie 2021

Geagte ouers

Na 2020 het ons gehoop om nooit weer so ‘n onseker skooljaar te beleef nie, maar toe spoel dit oor na 2021. Ons ken elke ouerhart met hul groot bekommernisse: Gaan my kind agter raak? Moes my kind nie al met aanlynonderrig begin het nie?

Kurrikulum 2020 en 2021
Baie van u onsekerhede is gebaseer op die afgeskaalde kurrikulum van 2020. Ons wil u gerus stel en die versekering gee dat die kurrikulum vir Gr R-7 in 2020 in sy geheel gedek is.
Ons het ook reeds alles in plek gesit om die twee weke wat ons nou gaan verloor, nog hierdie kwartaal in te haal. Ons is gerat vir wat ook al vorentoe gaan gebeur. Volgens beplanning gaan ons steeds voort om al ons leerders gelyk terug te bring op 15 Februarie.

Aanlynonderrig het definitief bepaalde voordele, maar is nie van veel waarde met die aanvang van ‘n nuwe skooljaar nie.

Grondslagfase (Gr 1-3)
‘n Grondslagfase kindjie funksioneer so ‘n bietjie anders as hul ouer boeties en sussies. Oogkontak met hul juffrou in die klassituasie is vir hulle baie belangrik. Dit is ook baie belangrik dat die juffrou en kind ‘n hegte band en vertrouensverhouding vorm. In die Grondslagfase word sekere aspekte op ‘n spesifieke metode aangeleer en vasgelê. Indien dit nie op die korrekte manier geskied nie, is dit baie moeilik om dit weer te herstel (bv potloodgreep, beginpunte en rigting van letters en syfers).

Dit is ook vir die onderwyser moeilik om vir kinders aanlynonderrig aan te bied as jy hul nog nooit voor jou gehad het, en reeds hul swak- en sterkpunte geïdentifiseer het nie. Dit is waarom daar in die week voor die skool begin reeds basislynassesserings op Teams en in harde kopie uitgaan, sodat ons solank ons leerders se uitvalle kan identifisser en dadelik daaraan aandag kan skenk wanneer die skool begin. Ons gaan spesifiek fokus op Wiskunde en tale.

Intersenfase (Gr 4-7)
Ons personeel doen elke jaar ontsettend baie moeite om veral ons Graad 4-maats, wat vir die eerste keer deel van die senior klasse vorm, te help met die aanpassing en integrering – alles dinge wat eerder gedoen word waar die Leipie maats en die onderwyser mekaar in die oë kyk en die personeel seker kan maak dat die kind op sy/haar gemak is. Hier is dit ook belangrik dat die kinders ervaar dat hulle nie die enigste een in die klas is wat onsekerhede beleef nie – dit help as hulle besef hul klasmaats voel maar net so onseker aan die begin!

Ons moet ook in gedagte hou dat daar nuwe maats ingeskryf is by ons skool wat nie die onderwysers ken nie, en as ons verál in gedagte hou dat elke vak en/of onderwyser se werkswyse in die skrifte verskillend is, glo ons dat u met ons sal saamstem dat ons eerder sal wag totdat ons leerders fisies in die klaskamer sit en die

besonderhede ten opsigte van die werksmetodes aan hulle verduidelik kan word voordat ons met klasgee sal begin. Dit is ook waarom daar die week voor die skool begin basislynassessering op Teams en in harde kopie uitgaan. Dit stel ons in staat om solank die leerders se sterk- en swak punte in tale en Wiskunde te identifiseer.

Kommunikasie
Alle kommunikasie ten opsigte van ons akademie sal voortaan op D6 en Teams geskied. Belangrike dokumente sal ook op die web geplaas word.
Dit is derhalwe baie belangrik dat die skool u korrekte e-posadres het. Daar is 'n e-pos vir u gestuur om op Teams te registreer. U moet asb op die skakel ingaan en kyk of u Teams kan oopmaak. Indien u probleme ondervind of geen e-pos teen 3 Februarie ontvang het nie, kan u 'n e-pos stuur vir mnr Janneman Opperman by dpi@louisleipoldt.co.za of me Hanlie Putter by hanlie.afrikaans@louisleipoldt.co.za. Hulle sal u dan behulpsaam wees.

Belangrike datums
(Volledige kommunikasie rondom 8-12 Februarie sal later volg.)

FEBRUARIE	AKTIWITEIT
3	Gr R-7 finale klaslyste op D6 en web
5	Gr R-7 Inligtingsessie per graad – skakel sal om 07:30 op D6 en Teams beskikbaar wees.
8	Gr 4-7 afhaal van handboeke Gr 1-7 – Uitdeel van basislynassesserings
11	Ontmoet jou juffrou op Teams 07:40 – 08:00 – Gr 2 in klasverband 08:10 – 08:30 – Gr 3 in klasverband
12	Gr R en 1 kuierklas in klasverband

Al hierdie reëlings verseker dat wanneer ons begin, ons voluit met u kind kan werk.
Kom ons vat hande hierdie jaar, en werk positief saam aan u kind se vordering en toekoms. Elkeen van hulle is vir ons belangrik.

Vriendelike groete

PH Ferreira
Hoof